# JEUGLES- Hoe groot is ons God

## 1. **PRAISE EN WORSHIP**

## 2. **YSBREKER**:

- Wie is groter as God?
- Laat die kinders in hulle groepe opkom met soveel as moontlik redes hoekom God groter as hulle is
- Wat kan Hy doen wat ek nie kan doen nie?

## 3. **SHOW AND TELL**:

- Alles wat God gemaak het, alles wat ons rondom ons kan sien, is 'n 'show and tell' van God se grootheid
- Laat elke groep vir hulle 'n sakkie kom haal
- Elke groep gaan die inhoud van hulle sakkie gebruik om vir die grootgroep te 'show' and tell' wie God is

## 4. **VRAE**:

4.1 Kon iemand ooit, of sal iemand ooit, vir God en Sy grootheid kan verstaan?
- Ps 145:3

4.2 Hoekom sal ons nooit vir God of Sy grootheid kan verstaan nie?
(want dan sal ek self God moet wees, want net God alleen kan Homself verstaan)
- Rom 11:33

4.3 Sal enige iemand of iets ooit naby aan God kan kom met wysheid, krag en heiligheid?
- Ex 15:11

## 5. **GOD IS WIE HY Sê HY IS**:

- Voordat ek in 'n verhouding met God kan staan, moet ek eers meer van God weet, ek hoef nie alles oor Hom te verstaan nie, MAAR
- Ek moet glo en weet dat Hy alleen God is
- Ek moet glo en weet dat NIKS vir Hom onmoontlik of te groot is nie
- Ek moet glo en weet dat Hy is, wie Sy Woord sê Hy is
- Ek moet glo en weet dat Hy gedoen het wat Sy Woord sê Hy gedoen het
- Maak nie saak wat die wêreld of die mense van Hom of oor Hom sê nie, ek GLO dit wat Sy Woord vir my leer
- Dit maak nie saak wat ek in die skool oor Hom leer en dit wat HY gemaak het nie, ek GLO dit wat Sy Woord vir my leer
- Want as ek sê dat ek glo, dan het ek nie bewyse nodig nie, want geloof is om iets te glo sonder dat jy die bewyse daarvoor gesien het.

## **6. GROOT EN WONDERLIKE GOD: PPT**

- Ek wil hê dat julle vanaand amaze moet word deur die groot God wat ons aanbid en dien
- En ek wil vir jou vra, dat terwyl ek dit vir julle wys, jy jouself die vraag die heeltyd afvra:
- Kan 2 stofdeeltjies wat teen mekaar bots sulke groot en wonderlike dinge 'gemaak' het?

- Kan hierdie komplekse goed wat God gemaak het, REGTIG vanself verander sonder dat IEMAND baie groter iets daarmee te doen het.
- In die skool leer julle van evolusie en die big bang teorie, maar God het vir elkeen van ons 'n gesonde verstand gegee om mee te DINK!! So ek wil vanaand vir jou vra, terwyl jy hierna kyk, DINK of 'niks' DIT kon maak??

- Want my gesonde verstand sê vir my dat dit so complicated is, dat daar IEMAND baie groter moet wees wat dit beplan het.
- Word vanaand amaze deur die GROOT God wat ons aanbid se handewerk as die Skepper van alle dinge!

## 7. **VAT WAT JY NODIG HET**:

- Wat het JY vanaand van God nodig?
- Op die muur is daar 2 stelle met papiertjies aan – jy vat vanaand vir jou 'n papiertjie met die eienskap van God wat JY vanaand van Hom nodig het.